ASSESSERINGSKRITERIA: AFRIFORUM SE BESIGHEIDSBYTJIES-ENTREPRENEURSKOMPETISIE

Naam en van:						
Kategorie – *Merk met X*	Gr. 1–3	Gr. 4–6	Gr. 7–9	Gr. 10–12		
Kriteria	Uitstekend	Verdienstelik	Elementêr	Voldoende	Onvoldoende	Totaal
	8–10	5–7	3–4	2–1	0	
Stap 1 Persoonlike inligting: Algemene netheid en versorging	Inligting is duidelik en volledig. Bankbesonderhede is aangeheg. Kategorie is duidelik gemerk. Netheid en spelling het aandag geniet. **10 / 9 / 8**	Inligting is duidelik. Netheid het aandag geniet. Ooglopende spelfoute kom voor. **7 / 6 / 5**	Inligting is onvolledig en gebrekkig. Netheid en spelling kort aandag. **4 / 3**	Totaal gebrekkige inligting. Min of geen aandag is gegee aan algemene netheid, spelling en taalversorging nie. **2 / 1 / 0**		
Stap 2 Idee: Produk en diens Uniekheid: Oorspronklikheid Kliëntebasis: Teikenmark	Produk/diens is lewensvatbaar, oorspronklik en kreatief. Realisties uitvoerbaar en in staat om bestaande kompetisie te klop. Teikenmark is baie definitief. **10 / 9 / 8**	Produk/diens bedien alreeds 'n mark. Mate van kreatiewe denke is toegepas t.o.v. die onderneming. In staat om produk/diens uit te voer, asook kompeterend in die mark te wees. Teikenmark word deurgegee. **7 / 6 / 5**	Produk/diens het min kreatiewe insette – geensins realisties om produk/diens uit te voer nie. Kompetisie is volop in die mark. Teikenmark is vaag. **4 / 3**	Produk/diens voldoen slegs aan die nodige vereistes – slegs 'n idee word weergegee. **2 / 1**	Idee, oorspronklikheid en teikenmark word gemis. Geen onderskeid word getref tussen produk/diens nie. **0**	
Stap 3 Bekendstelling: Naam Slagspreuk Logo	Naam is maklik om te spel, prikkel die belangstelling en gee positiewe konnotasie. Slagspreuk is kort en kragtig en eksklusief aan jou handelsmerk. Logo weerspieël eenvoud en voldoen aan die gekose kategorie se riglyne. **10 / 9 / 8**	Naam se uitspraak is moeilik en onduidelik. Slagspreuk is té lank en kom lomp voor. Logo se elemente word alreeds in 'n bestaande mark gevind, voldoen aan die kategorie se riglyne. **7 / 6 / 5**	Naam is onvanpas. Slagspreuk is nie deurdink nie en dra geensins by tot die naam en logo as geheel nie. Logo weerspieël eenvoud en voldoen nie aan gekose kategorie se riglyne nie. **4 / 3**	Naam dra geen betekenis en konnotasie tot jou onderneming nie. Slagspreuk is gebrekkig/ontbreek. Logo ontbreek van enige kreatiewe denke. **2 / 1**	Die naam, slagspreuk en logo dra geensins by tot die uitbouing van jou onderneming nie. Geen relevansie. **0**	

Kriteria	Uitstekend	Verdienstelik	Elementêr	Voldoende	Onvoldoende	Totaal
	8–10	5–7	3–4	2–1	0	
Stap 4 Bemarking: Advertensie	Die gekose advertensiemedium is duidelik en 'n sakpas idee. Lettertipes en -grootte het uitsonderlike aandag geniet. Woorde en sinne is goed deurdink en dra by tot die essensie van die boodskap. Kleure is uitsonderlik, met omsigtigheid gekies en effektief aangewend. Leë spasies bring balans. **10 / 9 / 8**	Die gekose advertensiemedium is gepas. Lettertipes en -grootte het aandag geniet. Woorde en sinne word beperk en dra by tot die essensie van die boodskap. Kleure is goed deurdink en effektief gebruik. Leë spasies is gevul. **7 / 6 / 5**	Die gekose advertensiemedium is nie geskik vir die produk/diens nie. Lettertipes en -grootte kort aandag. Woorde en sinne dra nie die boodskap duidelik genoeg oor nie. Kleure vorm nie 'n eenheid nie. Leë spasies is sonder enige denke gevul. **4 / 3**	Die advertensie is aangepak sonder die einddoel voor oë – om die produk/diens te bevorder en versprei. Daar is géén aandag aan lettertipes en -grootte, woorde en sinne, asook kleur en spasies gegee nie. **2 / 1 / 0**		
Stap 5 Finansies: Sakeplan	Finansies word volledig uiteengesit soos vereis. Junior- en intersenfase Die eenvoudige winsberekeningstabel is volledig uiteengesit met verkoopprys, eenheidskoste en wins. Senior- en VOO-fase Die volgende is duidelik. – Aanvangskoste; – Eenheidskoste; – Prysvasstelling; – Winsberekening; en – Daarstelling van doelwitte. Refleksie dui op uitstekende insig en begrip. Die konsep van wins word verstaan. **10 / 9 / 8**	Finansies word uiteengesit soos vereis. Junior- en intersenfase Die eenvoudige winsberekeningstabel is uiteengesit met verkoopprys, eenheidskoste en wins. Senior- en VOO-fase Die volgende is sigbaar: – Aanvangskoste; – Eenheidskoste; – Prysvasstelling; – Winsberekening; en – Daarstelling van doelwitte. Refleksie dui op genoegsame insig en begrip. Die konsep van wins word verstaan. **7 / 6 / 5**	Finansies kort aandag. Junior- en intersenfase Die eenvoudige winsberekeningstabel kon nie bemeester word met verkoopprys, eenheidskoste en wins nie. Senior- en VOO-fase Dié aspekte kort: – Aanvangskoste; – Eenheidskoste; – Prysvasstelling; – Winsberekening; en – Daarstelling van doelwitte. Refleksie dui op beperkte insig en die konsep van wins word nie verstaan nie. 'n Verlies word aangedui. **4 / 3**	Die leerder toon algehele gebrek aan die konsep van finansies. Junior- en intersenfase Die winsberekeningstabel kon nie ingevul word met verkoopprys, eenheidskoste en wins nie. Senior- en VOO-fase Totale gebrek aan: – Aanvangskoste; – Eenheidskoste; – Prysvasstelling; – Winsberekening; en – Daarstelling van doelwitte. Refleksie dui op geen insig en begrip as dit kom by finansies nie. 'n Verlies word aangedui. **2 / 1 / 0**		
					Totaal:	**/50**